



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Groot, vet olifantboude deur Anna Emm

Gielbert die olifant is nuut in die bos. Hy wil baie graag maatjies maak met die ander diere, maar hulle is almal so 'n bietjie skrikkerig vir hom. Hy is dan so groot en swaar!

“Dalk kan jy ons help om akkers op te tel,” sê die eekhorinkies.

Maar o aarde, toe Gielbert die olifant strek om die boonste akkers van die boonste takke af te pluk, glip sy poot. Hy verloor sy balans en val! Al wat die eekhorinkies sien is groot, vet olifantboude wat so ampertjies bo-op hulle kom sit!

“Jy is 'n bietjie gevaarlik,” sê die eekhorinkies. “Dalk moet jy liever ander maatjies gaan soek.”

“Jy kan ons kom help om die eiers tot binne-in die nes te rol,” roep die eendjies langs die riete.

Maar liewe land! Net toe Gielbert die olifant die eend-eiers versigtig in die nes rol, roep 'n voëltjie so hard bokant sy kop dat hy skrik en sy balans verloor! Al wat die eendjies sien is groot, vet olifantboude wat so amper-amper bo-op hulle eiers gaan sit!

“Jy is bietjie gevaarlik,” sê die eendjies. “Miskien moet jy liever met iemand anders gaan speel.”

“Jy kan saam met ons wegkruipertjie speel!” roep die apies uit die bome.

Maar grote griet! Daar is nie een enkele plekkie in die hele bos waar Gielbert die olifant kan wegkruip nie. Oral steek sy groot, vet olifantboude uit!

“Dis nie so lekker as ons jou kan sien waar jy wegkruip nie,” sug die apies. “Dalk is wegkruipertjie nie die speletjie vir jou nie.”

Skielik roep die voëltjies verskrik bo hulle koppe, en die eekhorinkies skarrel, en die eende kwaak benoud tussen die riete! Kraker Krokkedil het uit die water gekruip en hy is honger! Hy jaag die diertjies oor die wal en hap na die eende se eiers!


“Wat gaan ons doen?” vra die diertjies benoud.

“Wat julle nou nodig het,” roep Gielbert die olifant, “is groot, vet olifantboude!” En toe hy só sê, storm hy op die krokkedil af. Voor Kraker die Krokkedil nog iets kon maak, gaan sit Gielbert bo-op hom met sy groot boude! Die krokkedil kan nie beweeg nie! En hy moes eers baie mooi belowe om nie weer die diertjies van die bos te kom jaag nie, voor Gielbert hom laat gaan het. Van daardie dag af was Gielbert die olifant die diertjies van die bos se beste maatjie! En niemand het regtig meer omgee dat hy groot vet, olifantboude het nie.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Groot, vet olifantboude illustrasie deur Elanie Bieldt



Nuus uit die kantoor:

Al die Lekkerbekkie-stories nou in 'n boek beskikbaar!

Kry hierdie heerlike A4 boek met 15 stories en inkleurprente @ slegs R60



Hoe om te bestel:

Betaal die regte bedrag + R25 posgeld na ons rekening:

Anna Emm Productions, ABSA 916 338 0225, Takkode 632005 – met jou naam as verwysing.

Stuur dan jou posadres en bestelling na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Ons stuur vir jou die "tracking nr" vir jou pakkie sodra dit gepos is.

Anna Emm Productions

021 911 5618 | lekkerbekkie@annaemm.co.za

www.AnnaEmm.co.za